



WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG

Week van 3 Feb – Psalm 71 : 1 - 11

Stil word en aanbidding: Lees **Jeremia 1: 4 -10** as 'n gebed. Dink na oor jou lewe en aan die dinge wat jou terughou of verhoed dat jy voluit lewe?

Woord: Psalm 71 kan beskryf word as 'n hoopvolle vertrouensgebed; in hierdie gebed is daar telkens 'n beweging van 'n noodroep na 'n geloofsbelydenis. Dit is asof hierdie patroon homself 3 keer in die psalm herhaal: die noodroep in verse 1-4, die belydenis van vertrouwe in verse 5-8; dieselfde in die oorblywende deel van die psalm (verse 9-13 en 14-17; ook vers 18 gevolg deur verse 19-24). Die psalm gee aanduidings daarvan dat die bidder in hierdie geval 'n ouer persoon is – *"Moet my tog nie verwerp nou dat ek oud geword het nie, moet my tog nie alleen laat nou dat my kragte ingegee het nie"* (vers 9). *"Nou dat ek oud en grys geword het, moet U my tog nie alleen laat nie, o God ..."* (vers 18). Die boodskap wat hierdie bidder bely is dat iemand wat op weg deur die lewe sy vertrouwe op die Here plaas deur al die seisoene van menswees daarmee volhou: van geboorte af (vers 6); as jongmens (verse 5 en 17); as bejaarde (verse 9 en 18). Lees Ps. 71 heeltemal deur en veral weer verse 1-6.

Gesprek

1. In vers 6 lees ons, "U is my hulp van voor my geboorte af". Dink na oor jou lewe en vertel hoe jy al God se hulp in jou lewe beleef het.
2. "Ek is vir baie 'n wonder..." (vs. 7). Hoe lyk die lewe van iemand van wie dit gesê kan word? Ken jy so iemand? Waartoe inspireer dit jou? Wat moet jy anders doen? Dink na oor die lewende geloof van ouer navolgers van Jesus wat 'n merkbare invloed op julle lewens gehad het. Wat het vir julle uitgestaan?
3. Die Psalm is 'n klaaglied, maar ons sien ook uitsprake van hoop, geloof en vertrouwe daarin. Wat leer ons uit hierdie teenstrydigheid?
4. Waarin vind die Psalmdigter sy identiteit? Waarin soek mense deesdae hulle identiteit? Hoekom is dit problematies? Waarin vind jy jou identiteit? Watter verskil maak dit om jou identiteit in God te vind? Hoe beleef jy dit?
5. Hierdie Psalm klink soos die nadenke van 'n ouer persoon wat aan die einde van sy lewe is. Verbeel jou jy is aan die einde van jou lewe en jy kyk terug. Skryf neer hoe jy graag onthou sal wil word en deel dit met mekaar. Hoe maak ons seker dat hierdie lysie waar word?
6. Lys die beelde wat hier gebruik word vir God waarop die bidder hom verlaat. Watter beeld het jou as volgeling van Jesus die meeste getref? Waarom?

Afsluiting: In vers 24 lees ons waar die Psalmdigter uit dankbaarheid sê, "Ek sal die hele dag deur praat van u verlossingswerk?" Op watter maniere kan julle ook "praat" oor God se verlossingswerk? Lof is die gepaste reaksie op God se trou. Hoe wil jy op God vandag reageer?